

5 Maart

Jesus is nooit te moeg, te hartseer of te besig om jou te help nie

Skrifgedeelte: Markus 6:17-34

Fokusgedeelte: Markus 6:34

Die gedeelte vanaf verse 17-29 gee 'n belangrike agtergrond waarin ons vers 34 moet verstaan. Johannes die Doper is onthoof en die dissipels het dit aan Jesus vertel (lees ook Matt 14:12 en 13). Jesus was baie hartseer oor hierdie slegte nuus en wou vir 'n ruk alleen wees, sekerlik om te treur omdat Hy ook volledig mens was.

Markus vertel ons dat Jesus en die dissipels so besig was met die mense dat hulle skaars tyd gehad het om te eet. Hulle is toe met 'n skuit net verder af op die see van Galilea, waar dit stiller was om bietjie te rus. Uiteindelik het die mense hulle daar ook oorval.

Hieruit leer ons spesifiek met watter hartsgesindheid Jesus gewerk het. Hartseer, moeg van aanhoudende werk en honger, kry Hy steeds mense jammer en help hulle. Hy het nooit aan Homself gedink om sake vir Hom makliker te reël nie. Tot die dood toe moeg, honger en hartseer, help hy steeds.

Wat leer dit vir ons? Ons het met dieselfde Jesus te doen as van wie ons gelees het. Hy is God. Hy is onveranderd. So is Hy altyd binne jou bereik om jou beproewing, siekte of watter hartseer ook al deur jou gebed aan te hoor. Hy luister nie net nie, maar gee deur sy Gees geloofskrag. Hy het baie swaarder gekry op sy lydensweg, tot en met sy sterwe aan 'n kruis om vir jou uit liefde plek te maak en jou altyd by te staan.

Skrifberyming 16 (11-3): 1, 2, 4, 5

Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)